**Aanddiens:** 22 Maart 2026
**Leraar**: Johann Herbst
**Tema:** Wie sit by jou tafel.

## Inleiding

’n Paar jaar terug het iemand vir my ’n storie vertel van ’n huis waar die pa elke aand die familie bymekaar geroep het vir ete. Nie net vinnig eet en aanstap nie, maar almal sit, almal praat en almal deel. Die kinders en tieners was daar; selfs wanneer dit ongemaklik was, selfs wanneer daar spanning was, die tafel was ’n plek waar die familie bymekaar gekom het.

En iemand het vir my gesê: “Jy kan baie oor ’n gesin leer deur te kyk wie by die tafel sit… en wie nie.” Dit het my getref. Want wanneer ons na die kerk kyk, moet ons dieselfde vraag vra: Wie sit by die tafel? Wie is regtig deel van wat God doen wanneer ons bymekaar kom?

Die waarheid is: ons is nie net gered uit sonde uit nie… ons is gered in ’n familie in.

## Punt 1: Die vroeë kerk was ’n familie bymekaar

Wanneer ons na die Nuwe Testament kyk, sien ons nie eers ’n gebou nie. Ons sien nie ’n verhoog, ’n program, of ’n ouderdomsgroep wat geskei is nie. Ons sien mense. Ons sien huise. Ons sien families. Handelinge 2:42 sê:
“Hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap, in die breking van die brood en in die gebede.” Daardie woord “gemeenskap”—koinonia—beteken nie net saam wees nie. Dit beteken om lewe te deel. Om mekaar se laste te dra. Om saam te groei. En waar het dit gebeur?

In huise.

Handelinge 2:46 sê hulle het van huis tot huis brood gebreek. Met ander woorde, die kerk het rondom tafels gebeur. Rondom gewone mense. Rondom families. En wanneer jy die breër getuienis van die Skrif sien, raak iets baie duidelik: Wanneer God se mense bymekaar gekom het, was dit nooit net vir ’n sekere groep nie. In die Ou Testament, wanneer die volk bymekaar geroep is, sê Deuteronomium 31:12: “Roep die volk bymekaar… mans, vrouens en kinders…” Nie net die volwassenes nie. Nie net die geestelik “volwasse” nie. Die hele familie. Selfs in die Nuwe Testament sien ons dit. In Handelinge 21:5, wanneer hulle bid, sê die Skrif dat almal daar was—met hulle vrouens en kinders. Die prentjie is eenvoudig maar kragtig:

’n Huis.
Mense wat saam aanbid.
Kinders wat sien hoe ouers bid.
Kinders wat hoor hoe God se Woord gelees word.
Kinders wat deel is van die teenwoordigheid van God.

Die vroeë kerk was nie gebou rondom programme nie—dit was gebou rondom mense.

Dit beteken: Die kerk was nooit bedoel om ’n plek te wees waar kinders “weggehou” word van wat God doen nie, maar waar hulle ingenooi word.

## Punt 2: Jesus se hart vir kinders

Wanneer Jesus begin bedien, sien ons iets baie duidelik: Hy maak ruimte vir mense wat ander mense ignoreer. Kinders was deel van daardie groep. In Markus 10 bring mense kinders na Jesus

toe. Die dissipels—die “volwasse”, “geestelike” mense—probeer hulle wegkeer (**Markus 10:13-16).**

Die Bybel sê iets baie sterk: Jesus was verontwaardig. Dit is nie ’n sagte voorstel nie; dit is ’n sterk regstelling. Met ander woorde: wanneer jy kinders wegkeer van Jesus af, werk jy teen die hart van God. Dan doen Jesus iets ongelooflik. Die Skrif sê Hy neem hulle in sy arms en seën hulle. Ek dink ons lees daardie vers te vinnig.

Die Seun van God… stop… vir kinders.
Hy raak hulle aan.
Hy seën hulle.
Hy gee hulle aandag.

En dit is nie die enigste keer nie. Daar was ’n seuntjie met vyf brode en twee visse—en Jesus gebruik wat hy het om duisende mense te voed. Daar was kinders wat in die tempel uitgeroep het: “Hosanna vir die Seun van Dawid!” en toe die godsdienstige leiers dit wil stilmaak, sê Jesus: “Uit die mond van kinders… het U vir U lof berei.”

**Matteus 21:14-17**

Dan kom Jesus in Matteus 18 en Hy doen iets radikaal. Die dissipels stry oor wie die grootste is. Wie is die belangrikste? Jesus roep ’n kind nader. Hy sê: “As julle nie verander en soos kinders word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.”

**Mateus 18:1-7**

Met ander woorde: Kinders is nie net welkom in die Koninkryk nie—hulle is die voorbeeld van hoe die Koninkryk werk.

## Punt 3: Familie-kerk bring genesing

Wanneer die kerk reg verstaan word as familie, begin iets gebeur wat baie mense nodig het. Want nie almal kom uit gesonde huise nie.

Nie almal het ’n pa gehad wat daar was nie.
Nie almal het liefde reg ervaar nie.
Nie almal weet hoe ’n gesonde familie lyk nie.

**Psalm 68:5-8** sê: Dit is wat die kerk veronderstel is om te wees.

’n Plek waar: die vaderlose geestelike vaders kry, die gebroke leer wat liefde regtig is, mense sien hoe gesonde verhoudings lyk. In die Nuwe Testament praat Paulus oor die kerk as “die huisgesin van God” (Efesiërs 2:19).

Dit beteken: Jy behoort. Jy is nie net ’n besoeker nie. Jy is nie net ’n nommer nie. Jy is deel van ’n familie. En in daardie familie leer ons: wat eer beteken, wat vergifnis beteken, wat liefde beteken, wat waarheid beteken. Die wêreld gee baie definisies van familie. Party daarvan is gebou op gevoel, op gemak, op selfgerigtheid. Maar die Bybel se prentjie van familie is anders.

Dit is ’n plek van verbond. ’n Plek van verantwoordelikheid. ’n Plek waar liefde nie net gevoel word nie, maar geleef word. Kinders moet dit sien. Hulle moet sien hoe: volwassenes aanbid, mense mekaar dien, mense mekaar dra.

Want dit vorm hulle verstaan van God.